durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

17 Maart 2019




## 17 Maart 2019, 3de Lydensweek

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Mizelle Prinsloo*

**Deuroffer: Toerusting Missionêr**

Sendelinge kry toerusting by die Hugenote Kollege oor hoe om interkultureel diens en getuienis te lewer waar hul gaan bedien in informele nedersettings.

## 24 Maart 2019, 4de Lydensweek

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*

**Deuroffer: Menges-Gesin Duitsland**

**Meer TERUGVOER oor die PLAASFEES SAL 7 April gebeur wanneer skole oop is.**



## NUUS:

30 Maart: Betesda-mark
2 April: Skole open
7 April: Doop, Preekreeks Triniteit: Seun
9&10 April: Personeelwegbreek
16 April: Nuwe lidmate verwelkoming
18 April: Senior Huisbesoektee
18 April: Lydensnagmaal 19:00
19 April: Goeie Vrydag 9:00
21 April: Paasfees
18 -21 April: Heuningvlei Familiekamp & Uitreik
23 April: Doopkategese
27 April: Betesda-mark




Lees en oordink Johannes 9 as deel van Lydenstyd. Dit is 'n tyd van hertoewyding aan God. Wat is jou reaksie op God? Luister in die tyd na God, raak stil, verootmoedig jouself. God se liefde en genade omvou ons.

## *Paasprogram*

18 April Lydensnagmaal
Messiaanse Pasga

19 April Goeie Vrydag Klassiek

21 April Paasfees Jubelend



**Durbanville Plaasfees 2019** - die 12 de fees op Diemersdal. Dit was 'n reusesukses met oral tekens van ons Here wat met seënende hande, in tyd, teenwoordig was om maande lange arbeid te seën en sy posisie as Hoof van die kerk en Bergsig te bevestig. Ons kon die reën en wind voor en na die fees beleef en in opregtheid erkenning en alle lof aan Hom bring.
Afgerond na die naaste 20 het 6,000 mense die fees bygewoon. Oorhoofs was die fees geseënd en hier by die kerk is alles opgeruim en gaan ons voort soos gewoonlik.
Daar is al baie dankie gesê, maar ons wil weer vir elkeen wat iets gedoen of geskenk het, bedank. Bergsig bly 'n dinamiese opwindende geloofsgemeenkap wat mekaar kan ondersteun en bemoedig.
Die netto-inkomste word nog bereken met borge wat nog moet inbetaal en laaste betalings om te doen. Die finale syfer sal so gou moontlik gekommunikeer word. Wees verseker dat elke sent oordeelkundig aangewend sal word, veral omdat die gemeente voor buitengewone stram ekonomiese uitdagings staan.
Ons bly luisterend na die stem van die Here vir die gemeente, in afhanklikheid en met verantwoordelikheid.
**Pieter Henning (Gemeentebestuurder)**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...





## Bergsigprojekte op ons voorstoep

Betesda Uitreikprojek vir Gestremdes se maandelikse verkoping van R10 boek, CD's, DVD en viniel langspeelplate vind plaas op Saterdag 30 Maart 2019 by Bergsig Kerksentrum van 8:00 - 14:00.

Koffie, tee, pannekoek, tuisgebakte pasteie en soetigheid en ander snuisterye is ook te koop.

Die projek ondersteun persone in die gemeenskap met een of ander beperking wat finansieel, fisies, intellektueel, emosioneel, geestelik of omstandighede kan wees. Byvoorbeeld, die 7 inwoners van **Huis Masonic** vir persone met kwadruplegie in Gazellestraat, Uitzicht en die 5 kinders met ernstige en diepgaande intellektuele en fisiese gestremdhede van **Yarden Children's Enrichment Centre** in Crownsingel, Vierlanden.

Die projek maak dit moontlik dat kinders van **Durbanville Kinderhuis** en persone uit die gemeenskap gratis kan deelneem aan **PerdePret,** 'n terapeutiese aktiwiteit met perde.

***Indien u boeke, DVD's, CD's of vinielplate wil skenk kan u dit by die Bergsig kerksentrum aflaai of ons sal dit by u afhaal.***

Vir meer inligting oor die projek en die mark, skakel Hans Human by 082 549 0518.

## Bergsig-Uitreikhulp

Baie dankie aan almal wat toiletware geskenk het aan die kerk. Ons gee dit vir hawelose persone wat op 'n Woensdag hier by die kerk kom stort, of ander hulpbehoewendes.

**Werkgeleentheid gevra:**

Ek is alleenlopend, woonagtig in Durbanville en geniet goeie gesondheid.

Alhoewel ek nie oor 'n eie voertuig beskik nie is ek in besit van 'n geldige PDP lisensie.

Ek werk graag in 'n span en is ten volle tweetalig. Het goeie kommunikasievaardighede en het 'n basiese kennis van die konstruksiebedryf.

Onmiddellik beskikbaar. Ouderdom 43.

Skakel Stefan asseblief by 060 618 8418

## Bergsigprojekte oor grense

### Die prentjie wat God inkleur in Kanthararom

Ons bedien al vir so bietjie meer as twee jaar by Ban Makrud skool en die gemeenskap van Makrud. Oor die tyd het ons baie goeie verhoudinge ontwikkel met die gemeenskap wat ons van die begin af met ope arms verwelkom het. Onderhoud aan klein gemeenskapskole is geensins op die Departement van Onderwys se prioriteitslysie nie en einde November 2018 het die Heilige Gees dit op ons harte geplaas om die skool te verf en klein opknappingswerke te verrig. Die skool en gemeenskap was geweldig ingenome met die projek en het hulle hulp aangebied, maar was verbaas toe ons vir hulle sê dat ons self die werk gaan doen. Elke onderwyser kon haar eie kleure verf kies vir die klaskamers wat natuurlik 'n eie identiteit verleen het en groot opgewondenheid veroorsaak het.

Die projek het gelooflike getuienisse opgelewer soos die kinders wat sê dit so lekker om in 'n nuwe mooi en skoon klaskamer te kan sit en speel. Hulle voel ook meer gemotiveerd om harder te studeer. Hulle is nou trots op hulle skool. Onderwysers het eers hul Boeddhistiese geluk beleef deur die projek. Nadat ek (Andre) hulle eendag uitgenooi het om die projek uit 'n Christelike oogpunt te probeer sien (en aan hulle verduidelik het), het dit daartoe gely dat Juffrou Noi by 'n Christen-Bybelstudiegroep ingeskakel het. En dan is daar die Boeddhistiese Monnik by die dorpie se tempel langs die skool wat so hard aan die werk is om die gemeenskap te probeer oorreed dat ons daar is om Boeddhisme uit te roei. Die monnik probeer al twee jaar om ons weg te werk tot die gemeenskap hom finaal meegedeel het dat hulle ons in aanvaar en hy moet vrede maak daarmee. Dit laat hom ongemaklik voel en hy beweer hy voel minderwaardig as 'n monnik vir die gemeenskap. Die Lig is besig om die donker te oorskadu.

Die Here het die projek geseën met die voorsiening van finansies (donasies). Die bedrag wat ons in gedagte gehad het was maar 'n derde van wat werklik nodig was en God het elke ekstra sent voorsien. Hy het presies geweet hoeveel rand en sent nodig sou wees vir die projek. Ons kan maar net ons hande oplig en getuig van 'n wonderlike, altyd voorsienende liefdevolle God wie se hart uitroep na die verlorene, gebroke en vergete kinders van Hom.

Dankie vir elkeen van julle se liefde, gebede, omgee en ondersteuning. Frontida Outreach is nie net Andre en Marina Olivier nie, maar dit is elkeen van julle, oud en jonk wat saam met ons hier bedien in Kanthararom. Daar is nog vele nuus en gebeure om te lees op ons blog:**frontidathailand.blogspot.com**

# Knieltyd

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ludi Erasmus | Barbarosa 13, 063 691 1754 | Moeder oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Pieter Scholtz | Sunbirdsingel 69, 082 456 4076 | Pa oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Engela Venter | Hampton Gate 21, 066 222 0787 | Moeder oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Stella Malan | Erf 168 Klipheuwelpad, 083 726 4167 | Ma en skoonma oorlede | *Troos en bemoediging* |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | *Herstel en bemoediging* |
| Terry Terblanche en kinders | Murraystraat 21, 021 976 6993 | Vrou en ma oorlede | *Troos en bemoediging* |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

## Ons verwelkom met bewys van lidmaatskap:

Everhardus Johannes de Beer, Sanet Crafford (nou De Beer) en Corné de Beer vanaf kerksondermure
Janique Rossouw (nou Dudley) vanaf Port Elizabeth-Lorraine
Petrus Lodewickus Theron, Jacoba Dorethea Griesel (nou Theron) en dooplidmate Schalk Willem en Petrus Lodewickus Theron vanaf Sonstraal
Etienne Brian Holford vanaf Kempton-Hoogland en Darien de Wet (nou Holford) vanaf Fichardtpark
Jacques Philippus Crafford vanaf Worcester-Vallei en Suzanne Pienaar (nou Crafford) vanaf Mosselbaai-Suid
Brendan Pretorius (dooplidmaat) vanaf Elandia
Liané Nicole Brink (dooplidmaat) vanaf Durbanville
Helena Petronella Neethling (nou Bothma) vanaf Wellington
Hanél van Wyk (nou Van Zyl) vanaf Loeriesfontein
Willem Jacobus Roberts vanaf Die Strand

GlowKidz is opgewonde om met 'n kindererediens tydens ons vroeë klassieke diens te begin op 7 April 2019. Ons besef dat daar ouers is wat graag die klassieke diens wil bywoon of bloot verkies om vroeër op 'n Sondag kerk toe te gaan. Daarom gaan ons die 10:00 Glowdiens nou ook om 8:15 aanbied in die saal. Aangesien ons leiers om 10:00 aan diens is sal die kinders vir eers tydens die 8:15 diens nie na onderskeie klasse verdaag nie, maar sal die klaslesse in die saal aangebeid word met dieselfde aktiwiteite en materiaal. Elke Glowkid sal dus met dieselfde boodskap by die kerk uitstap, ongeag watter diens hy of sy bywoon.Vir navrae, kontak gerus vir Stephanie by juniorjeug@bergsigdv.co.za of 0832787111.





LOCAL IS **lekker** DIEMERSDAL

# DURBANVILLE PLAASFEES™
















Binnekort nog meer fotos van die fees








Mizelle bedank graag al die Interne Stalletjie-konvenors vir hulle liefde, vriendelikheid en harde werk tydens Plaasfees 2019. Dankie aan:
Elize, Amelia, Erik, Anzel, Mareli, Jean, Ester, Wynand, Cobus, Elna, Wayne, Laura, Jouke, Charmaine, Hanlie, Evert, Liezl, Andre, Tania, Sunette, Herman en Edna.



**Foto:** van die plakkate opsit. Ons geniet die opsit elke jaar, met die kinders wat saamry en plakkate rondswaai en advertensie vir die Plaasfees doen!
Goete Pieter

## DURBANVILLE/ Bergsig Seniorgroep

Lede wat deel is van die uitstappie op Donderdag 28 Maart 2019 na Houtbaai word herinner dat die bus om 10:00 vanaf Bergsig Gemeente sal vertrek.

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

## NG Kerk Durbanville-Bergsig

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527